*Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

## Wetenskaplike "suksesse" aan die einde van 'n aardse tydperk

**NO: 6947** Die einde van 'n ontwikkelingsperiode sal aanbreek wanneer die mense so ver uit die goddelike ordening weggedwaal het, dat hulle hulself bevoeg voel om in die skeppingsplan van God in te gryp, omdat hulle nie meer aan God, as die allesvoortbringende Mag glo nie en daarom meen om al die bestaande self te kan beheers.

Die mense het weliswaar ook, as erfdeel van God, 'n skeppende gees gekry en kan selfs hierdie erfdeel nog meer in hulself laat toeneem. En met hulle skeppende gees kan hulle met God se hulp, dit wat die onmoontlike skyn te wees, tot stand bring en bereik en daarby sal hulle tog in God se ordening bly, solank hulle die krag om self te skep, vanuit God put.

Hulle sal egter dadelik uit hierdie ordening tree **wanneer al hulle planne slegs aardsgerig sal wees**, wanneer hulle hulself van God as die voortbringende Mag sal afsonder en slegs gebaseer op hulle verstand, sal **eksperimenteer**. Wanneer hulle dus die goddelike skepping as proefobjek gebruik, sal hulle hulself so tot handlangers van Satan maak, wat dit vir **homself ten doel gestel het om alle skeppings te verwoes**.

En aan die einde van 'n aardse tydperk sal die mensdom steeds vol **aardse wysheid** wees. Dan sal die wetenskaplikes glo dat hulle die sleutels vir alle gebiede gevind het en sal maar selde die weg gaan wat God aangewys het om tot ware kennis te kom. Sonder God is alle weë egter gevaarlik, sonder Hom is alle suksesse twyfelagtig en sonder Hom betree die mens gevaarsones, omdat hulle dan gelei word deur hom wat nie opbou nie, maar alleen ondergang wil bewerk.

**Hy laat die mense weliswaar glo dat hulle opbouend besig is**, terwyl hulle ewenwel hulle eie graf grawe en dus self bydra tot die ondergang van die aarde. Want die sigbare vooruitgang van die wetenskap is die werk van Satan, die werk van God se teenstander, wat die mense aanpor tot die grootste verstandelike inspanning, maar met uitsluiting van goddelike ondersteuning.

Die mense van die eindtyd sal daarom probeer om alle **kragte van die natuur** vir hulself ten bate te maak, maar hulle sal dit nie in 'n deur God gewilde sin doen nie. Hulle sal inteendeel uit die goddelike ordening tree en die gevolge daarvan sal hulle baie gou sien. God versag egter die wil en handeling van die mense al van ewigheid af en daarom wys Hy steeds weer op dit wat komende is, **want Hy weet wanneer, waar en hoe die verkeerde menslike denke homself sal uiter**.

Daarom onderrig Hy die mense oor die verkeerde van hul denke en Hy wil hulle daardeur beweeg om hulself aan Sy Mag, wat bokant alles staan, toe te vertrou. Hy wil hulle teen die invloed van Sy teenstander waarsku. **Hy wil hulle aanraai om in Sy goddelike ordening te bly** en Hy beloon almal wat na Hom luister en Hom erken as hulle God en Skepper van die ewigheid. Amein.

Jakobus 3

*13 WIE is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy suiwere lewenswandel sy werke in* ***sagmoedige wysheid*** *toon.*

*14 Maar as julle bittere* ***afguns*** *en* ***selfsug*** *in julle hart het, moenie* ***roem en lieg*** *teen die Waarheid nie.*

*15 Sy is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar* ***sy is aards, natuurlik, satanies;***

*16 want waar afguns en selfsug is, daar is* ***wanorde en allerhande gemene dade.***

*17 Maar die* ***Wysheid van Bo*** *is ten eerste onbesoedeld, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol Barmhartigheid en suiwer vrugte, onpartydig en opreg. [Wysheid van Salomo 7:22-23]*

*18 En die vrug van die Geregtigheid word gesaai* ***in Vrede vir die wat vrede maak.***